| PSG |

Boer vooruit

Zeder gaan ongenoteerde agri-ondernemings na die JSE bring.

DIE FINANSIËLEDIENSTEGROEP PSG van Stellenbosch beplan om Zeder Investments – 'n beleggingsmaatskappy van R1 miljard wat belange in verskeie ongenoteerde agri-ondernemings het – in November op die JSE te noteer.

Finweek se susterwebwerf, www.fin24.co.za, het ná PSG se algemene jaarvergadering in Julie eerste gerugte van só 'n fonds gepubliseer. Soos *Finweek* al by verskeie geleenthede berig het, het PSG die afgelope 18 maande aandele in 'n aantal ongenoteerde agri-ondernemings versamel. Jannie Mouton, uitvoerende hoof van PSG, sê aan *Finweek* Zeder sal gewone beleggers die geleentheid gee om topgehalte-agribates te bekom wat normaalweg weens die illikiditeit van die ongenoteerde aandele moeilik is.

Zeder se doel is om die likiditeitsdiskonto op die agri-ondernemings se aandele uit die weg te ruim deur as 'n afsonderlike entiteit te noteer. Dit verklein ook die risiko vir potensiële beleggers in ongenoteerde agri-ondernemings deur 'n gediversifiseerde portefeulje te bied.

Die Zeder-portefeulje word tans op sowat R360 miljoen gewaardeer. Die belangrikste belange is 13% in KWV (wat R168 miljoen werd is) en 'n 2,6%-belang in Pioneer Foods (R133 miljoen werd). KWV en Pioneer verteenwoordig 46% en 36% van Zeder.

Nog beduidende belange is 5% in Kaap Agri (wat die grootste aandeelhouer in Pioneer is) wat R45 miljoen werd is, en 2,2% in Senwes wat R12 miljoen werd is.

Van die kleiner belange is in KLK Landbou (5,3%), OVK Bedryf (1,7%), Suidwes Beleggings (2,1%) en BKB (1,1%).

PSG se bemagtigingsafdeling, Arch Equity, het 'n beduidende belang in BKB, wat wol bemark en versprei. Planne bestaan om die portefeulje uit te brei en Mouton bevestig dat Zeder 'n voornotering-geldinsamelingsprojek sal aanpak om nuwe beleggers te betrek. Tans besit PSG 100% van Zeder.

"Ons het beleggings in ander agri-ondernemings, maar om verskeie redes kan ons nie dié belange nou by Zeder voeg nie."

Mouton sê op lang termyn is die doel om die bestaande belange in agri-ondernemings tot sowat 20% uit te brei. Dit sal Zeder in staat stel om belangeverantwoording op die agri-ondernemingbelange toe te pas.

Dis nog onduidelik hoeveel nuwe finansiering Zeder beplan om te verkry, maar die kapitaalstruktuur toon 2 miljard aandele teen 1c elk. 'n Markkapitalisasie van R1 miljard by notering word voorsien.

Mouton reken aandele in agri-ondernemings en ander maatskappye in die boerderyketting kan steeds teen aantreklike pryse bekom word. Hy sê die meeste van die maatskappye is onderpresteerders weens swak of wisselvallige landboutoestande, maar die meeste het ook uitstekende bates en bied sterk dividendvloei. Dit lyk of die groot rede hoekom PSG Zeder as 'n afsonderlike instrument bekend stel, is om persepsies van agri-ondernemings uit die weg te ruim dat enigeen wat betekenisvolle belange in hulle bekom, dit op 'n vyandelike grondslag doen. Maatskappye soos Kaap Agri het beperkings wat enige belegger verhinder om meer as 5% van die uitgereikte aandelekapitaal te besit.

Mouton wys daarop dat Zeder – wat deur Antonie Jacobs, voormalige koöperatiewe bestuurder en direkteur van Winecorp, gelei sal word – 'n aantal sleutelrolspelers in die landbousektor as direkteure sal insluit. Onder Zeder se huidige direkteure tel Michiel le Roux, bestuurder by Capitec (vroeër van Distillers), Chris Otto, PSG-bestuurder, en die bekende Stellenbosse boer Johan Carinus. Dit kan baie help om van vooroordeel oor 'n korporatiewe belegger van "buite" ontslae te raak en miskien help om Zeder as 'n dryfkrag vir waardeskeppende konsolidasie in die gefragmenteerde agrisakesektor te vestig.

Zeder sal gewone beleggers die geleentheid gee om topgehalte-agribates te bekom.



Wil op lang termyn 20% van uitgesoekte agrisake hê. Jannie Mouton

Een van die voorstelle vir Zeder is dat bestaande aandeelhouers in agri-ondernemings die geleentheid sal kry om hul aandele in die betrokke ongenoteerde maatskappye vir Zeder-aandele te verruil. Geen premie sal in só 'n transaksie op Zeder se portefeulje geplaas word nie wat op die huidige toonbankmarkwaardasie gegrond sal wees. 'n Private aandeleplasing om nuwe kapitaal te verkry, sal dan plaasvind.

Om Zeder selfs nog aantrekliker vir kleinbeleggers te maak, wil PSG die bates of beleggings teen 'n jaarlikse tarief van 2% bestuur (vergeleke met effektetrusts, waar dit, afhangend van die mandaat, tussen 0% en 5,7% wissel).

Party waarnemers sal sê dat die maklike geld in ongenoteerde agri-ondernemingaandele reeds gemaak is – 'n siening wat hoofsaaklik deur die groot veranderings die afgelope twee jaar in aandele soos Pioneer Foods, KWV en Kaap Agri versterk word. Maar PSG meen dat 'n wye reeks uitstekende geleenthede steeds vir beleggers bestaan om goeie beleggingsopbrengste in die landbou-sektor te verseker.

Tans het beleggers op die JSE min blootstelling aan die landbousektor – beperk tot Afgri, Invicta, Intertrading, Conafex en miskien die suikeraandele. Gevolglik lyk Zeder na 'n goeie idee.

MARC HASENFUSS
march@finweek.co.za